

LUX MUNDI

Veldtog 2024

18 Aug - 18 Sept

# Leef Veerkragtig!

Dit is weer **VELDTOG-tyd** in Lux Mundi! Ons is baie opgewonde daaroor. Die **hele gemeente** (al die generasies) fokus op die veldtog en gaan saam op hierdie opwindende reis.

Hierdie jaar se tema wil ons leer om wanneer die lewe ons druk, **veerkragtig terug te bons** en met **nuwe energie en kreatiwiteit** voluit te leef! **Mense wat Koning Jesus volg, leef immers VOLUIT!**

**Ons doen die veldtog saam as geloofsfamilie, in groepe, gesinne, en persoonlik saam met die Here.** Deur op al 3 vlakke gelyktydig die veldtog te volg, kan mens **maksimum impak en groei** beleef: saam as groot groep (gemeente); 'n kleiner groep (groeigroep/gesin/veldtog oopgroep) en persoonlik. Ons gebruik vir hierdie veldtog **die Josefverhaal** om meer van veerkragtigheid te leer.

Hierdie **voubiljet** wil jou help om weeklikse aantekeninge te maak en sommer 'n opsomming van die veldtog te hou en die groot prentjie in gedagte te hê. Skryf in die spasies neer wat jy hoor die Here vir jou sê tydens die veldtog.

***Terwyl Josef daar in die tronk was, was die Here by hom, en Hy het Josef sy troue liefde laat ondervind, sodat die tronkbewaarder hom goedgesind geword het...***
***Wat Josef ookal aangepak het, die Here het dit laat slaag.***
***Genesis 39:20b-23 (AFR1983)***

**Wat is jou verwagting van die** *Leef Veerkragtig* **Veldtog?**

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

# 1 JA vir die lewe!
## Huis na Paleis

### Wat is veerkragtigheid?

*Hulle het naamlik vir mekaar gesê: "Kyk, daar kom die ou dromer aan. Kom ons maak hom dood en gooi hom in 'n put. Ons kan sê 'n roofdier het hom opgevreet. Dan sal ons sien wat word van sy drome."*

***Genesis 37:19 – 20 (AFR83)***

*Die farao het verder vir Josef gesê: "Kyk, ek stel jou aan oor die hele Egipte."*

***Genesis 41:41 (AFR83)***

*Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.*

***Filippense 4:13 (AFR83)***

*En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy oorvloedige rykdom in Christus Jesus.*

***Filippense 4:19 (AFR83)***

**Uitdaging:** Hoe kan jy "ja vir die lewe!" sê en veerkragtig leef?

---

---

# 2 Onbevange eerlik!
## 'n Egte lewe voor die Here!

*Die Here was by Josef en dit het baie goed gegaan met hom. Hy het in die huis van sy eienaar, die Egiptenaar, gebly. Toe Potifar, Josef se eienaar, sien dat die Here by Josef is en dat die Here alles wat Josef aanpak, laat slaag, was Potifar hom goedgesind...*

***Genesis 39:2-3 (AFR83)***

*Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul.*

***Kolossense 2:6-7 (AFR83)***

**Uitdaging:** Hoe kan jy onbevange eerlik en eg voor die Here en mense leef?

---

---

# 3 Slegte goed?

## Veerkragtig midde van slegte goed

*Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het.*

***Genesis 50:20 (AFR83)***

*Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.*

***Romeine 8:28 (AFR83)***

**Uitdaging:** Hoe kan jy met 'n nuwe perspektief veerkragtig leef midde van slegte goed wat gebeur?

______________________________

______________________________

______________________________

# 4 Een oomblik op 'n slag!

## Om met Geduld en Volharding aan te gaan

*Wanneer dit goed gaan met jou, moet jy aan my dink en moet jy my 'n guns bewys. Jy moet my saak stel en sorg dat ek uit hierdie plek uitkom... Maar die hoof van die skinkers het nie aan Josef gedink nie, hy het van Josef vergeet."*

***Genesis 40:14 & 23 (AFR83)***

*Twee jaar later het die farao 'n droom gehad... Die farao het vir Josef laat roep en hulle het hom gou uit die tronk gehaal."*

***Genesis 41:1+14 (AFR83)***

*Die lewe het my al geleer om klaar te kom met wat ek het, maak nie saak wat gebeur nie.*

***Filippense 4:11 (DB)***

**Uitdaging:** Hoe kan jy met geduld en volharding een oomblik op 'n slag leef?

______________________________

______________________________

______________________________

# 5 Fees! Herstel & genesing

*Vat die manne na my huis toe. Laat slag en laat 'n ete voorberei, want hulle moet vanmiddag by my eet.*

***Genesis 43:16 (AFR83)***

*"Vergewe ons tog nou die misdaad. Ons dien ook die God van u vader." Josef het gehuil oor wat hulle laat weet het... Maar Josef het hulle geantwoord: "Moenie bang wees nie. Ek is nie God nie."*

***Genesis 50:17+19 (AFR83)***

*Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen.*

***Kolossense 1:20 (AFR83)***

**Uitdaging:** Hoe kan jy vanuit God se oorwinningsfees herstel en genesing bring in verhoudinge?

*Do not judge me by my success, judge me by how many times I fell down and got back up again.*

***Nelson Mandela***

*When we learn how to become resilient, we learn how to embrace the beautifully broad spectrum of the human experience.*

***Jaeda Dewalt***

*Wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie.*

***1 Korintiërs 15:58 (AFR83)***

## Hoe gaan jy *veerkragtig lewe* na die veldtog?